

HOOFSTUK VII.

SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS.

Die C.N.O.-beweging op Steynsburg is aan die begin van die 20ste eeu uit nood gebore. Die manne en vroue wat hierdie stryd begin het, het besef dat dit gegaan het om die beveiliging en voortbestaan van 'n erfenis wat vir hulle dierbaar was. Hulle het geweet dat as hulle hul nie ontworstel aan die greep wat hulle omknel het nie, dit hul ondergang as nasie sou beteken. Daarom was daar besieling vir die stryd en het hulle geen opoffering van goed en kragte te hoog geag nie wanneer hulle gewerk het vir die saak wat hulle na aan die hart gelê het.

Om 'n geheelbeeld van die faktore wat daartoe geleidelik het en die uiteindelijke beëindiging van die C.N.O.-beweging op Steynsburg in sy regte perspektief te sien, wil ons in die volgende paragrawe net eers weer in enkele hoof-trekke die beweging op Steynsburg skets.

Onder leiding van die jong ds. P.C. Snyman word die Vrye Skool in Julie 1905, na maande van voorbereiding, geopen. Dis 'n klein en nederige begin, maar dis 'n geloofsdaad, waar dit nie om stoflike wins gegaan het nie, maar om die beveiliging en handhawing van beginsels. Skouer aan skouer, saam met hul predikant, het geloofsreuse, manne van staal, in die stryd ingeval om hom met woord en daad by te staan en die stryd te help veg. Die skool het gegroei tot beskaming van menigeen wat geen geloof in die onderneming gehad het nie. Spoedig het hy sy kinderskool ontgroeï en moes voorsiening vir sekondêre onderwys gemaak word. Die kinders kon tog nie halfpad in die steek gelaat word nie, met die gevolg dat aan die begin van 1909 'n aanvang met die sekondêre afdeling, die Gereformeerde Gimnasium, gemaak is. Die inrigting het spoedig tot so 'n mate in omvang toegeneem dat die gemeente van Steynsburg, met die geringe en soms wisselvallige hulp van die

Gereformeerde Kerkverband, die finansiële las beswaarlik kon dra. Ten spyte hiervan was die kampvegters vir C.N.O. nog nie tevrede nie. Dat die beweging net tot Steynsburg beperk moes bly, was sekerlik nie die doel nie, en sonder onderwysers in dieselfde gees opgelei, kon C.N.O. nie in wyer kring uitgedra word nie.

Daarom word daar reeds in 1909 op klein skaal met die opleiding van onderwysers begin. In 1912 neem die onderhandelinge met die Kaapse Provinsiale Administrasie, om subsidie vir 'n Normaalskool te verkry, 'n aanvang. In 1914 is die Normaal dan ook begin, 'n gesubsidieerde inrigting, verbonde aan die Gereformeerde Gimnasium. Hiermee het die skool op Steynsburg sy derde stadium van ontwikkeling ingegaan, nl. 'n inrigting met 'n primêre afdeling, 'n sekondêre afdeling en 'n Normaalskool, almal onder dieselfde hoof.

As daar in 1912 ook begin word met onderhandelinge met die Uitvoerende Komitee van die Provinsiale Raad om staatsteun vir die Vrye Skool te verkry, handel die kerkraad van Steynsburg volgens 'n erkende beginsel wat destyds gegeld het en kon hy daarvan oortuig wees dat hy handel in ooreenstemming met die beleid van die breër kerkverband soos geformuleer deur die Algemene Sinode van 1907. Daar word die standpunt van die kerk as volg herbevestig: 1)

„In aansluiting by de besluiten door de Synode genomen in 1882 en 1904, en ook nu weer in ernstige oorweging nemende de zaak van het onderwys der jeugd, is de Synode van oordeel: dat de ouders zelve geropen zijn het onderwys voor hunne kinderen te bezorgen, en aangezien de ouders belasting-betalers zijn, oordeelt de Synode dat zij met recht van de Regeering subsidie kunnen vorderen voor Vrye Scholen door hen opgericht en die voldaan aan rechtmatige eischen. De Synode besluit daarom in deze richting te moeten werken tot verkryging van Regeeringssubsidie voor Vrye Scholen.“

/Na.....202

---

1) Handeling van die Algemene Sinodale Vergadering van 1907. art. 68.

Na etlike jare van onderhandelinge met die Provinsiale Administrasie, is subsidie eindelijk toegestaan en aanvaar en het die Vrye Christelike Skool op Steynsburg, vanaf 1 April 1916, 'n staatsondersteunde skool geword. Van toe af sou die Gereformeerde Kerk nie meer die alleenreg hê om te waak oor die belange van die skool nie, maar voortaan sou ook die Onderwysdepartement, deur middel van sy omgnagsinspekteur, belangstel in, en verantwoordelik wees vir wat in die skool gedoen word.

In 1918 word 'n verdere mylpaal in die geskiedenis van C.N.O. op Steynsburg bereik toe die twee inrigtings, wat nog altyd as 'n eenheid behandel is, administratief geskei is. Die Normaal en die Gereformeerde Gimnasium het nou elk sy eie hoof gekry en sou voortaan as selfstandige inrigtings langs mekaar bestaan, dog tog aan mekaar verbind met die bande van 'n gemeenskaplike verlede en van dieselfde gees, doel en strewe.

Die stigting van die Hoërskool Paul Kruger in 1924, was 'n saamtrekking van die sekondêre afdelings van die twee laerskole op Steynsburg en die Gereformeerde Gimnasium sou voortaan bloot 'n laerskool wees. Maar nog meer. Met hierdie reorganisasie word die skool deur die Onderwysdepartement oorgeneem en word 'n volwaardige staatskool. Die Gereformeerde Kerk onderneem om met die huur wat van die Departement vir die gebou ontvang is, die salaris van 'n addisionele onderwyseres te betaal, en toe die gemeente vanaf 1933 dit nie verder wou doen nie, is die salaris van hierdie onderwyseres, totdat die skool in 1936 opgehou het om te bestaan, deur privaat inisiatief gevind. So het die Gereformeerde Kerk sy belangstelling in die skool behou, en homself as voog beskou, solank as dit as aparte inrigting bestaan het.

In 1936 word die twee laerskole op Steynsburg gemalgameer en die Gereformeerde Gimnasium verhuis na die gebou van die Publieke Skool om saam met laasgenoemde die

huidige Laerskool Unie te vorm.

Die Normaal het in 1926 'n staatsinrigting geword toe dit deur die Kaapse Onderwysdepartement oorgeneem is. Na 'n veelbewoë bestaan van 24 jaar as sodanig, waarin groot hoogtepunte bereik is, is dit aan die einde van 1950 finaal gesluit. Hiermee val die gordyn om die einde van die sigbare tekens van die C.N.O.-beweging op Steynsburg aan te kondig.

By die bestudering van die geskiedenis van die C.N.O.-aksie op Steynsburg, kort saamgetrek in die oorsigtelike beeld hierbo geskets, kom 'n mens onder die indruk dat, na die aanvanklike entoesiasme, offervaardigheid en besieling vir 'n ideaal, daar heel gou 'n proses van verwering te bespeur is. Nie na baie jare nie moes beginsels prysgegee word, en vestings deur stryd opgerig, het een na die ander geval.

Direk in stryd met die aanvanklike praktyk wat op Steynsburg gegeld het, nl. dat dit die plig van die ouer is om te betaal vir die opvoeding van sy kind, is reeds in 1912 begin om subsidie vir die Gimnasium aan te vra en is dit in 1916 toegestaan en aanvaar. Ook die Normaal is in 1914 met staatsteun begin, want in daardie stadium was die skool „vatbaar voor verdere uitbreiding doch de middelen daartoe ontbreken." 1)

Sonder om daarvoor aangedaan te voel, was die Gereformeerdes bereid en haastig om die sekondêre afdeling van die Gereformeerde Gimnasium saam met die van die Publieke Skool in 1924 in die Paul Kruger Hoërskool te laat opgaan. Mense wat self, of wie se ouers, gedurende die eerste jare van sy bestaan gewillig was om groot offers te bring vir die Vrye Skool en die Gereformeerde Gimnasium, het dit as 'n voorwaartse stap beskou toe dieselfde skool in 1926 'n volwaardige staatskool geword het. Dieselfde skool, wat

/kragtens....204

---

1) Uit die brief aan die Administrateur, kyk Bylaag B.

kragtens sy karakter, tradisies en verlede enig van sy soort in Kaapland was, is in 1926, met die instemming van sy eertydse trouste ondersteuners, met die Publieke Skool geamalgameer. Maar, die proses van verwerping word die treffendste in die geskiedenis van die Normaal bespeur. Met groot opofferinge is hierdie inrigting in stand gehou, eers as gesubsideerde staatsinrigting totdat dit in 1926 deur die Provinsiale Administrasie oorgeneem is. Daarna het dit groot hoogtepunte bereik, dog deur die ongelukkige sameloop van omstandighede en as gevolg van die nadelige uitwerking van verskillende faktore, het hierdie laaste C.N.O.-vesting op Steynsburg ook in 1950 geval.

Wat is nou die faktore wat aanleiding gegee het tot hierdie proses van verwerping wat uiteindelik uitgeloop het op die stelselmatige verdwyning en oorgaan in staatsinrigtings van C.N.O.-inrigtings wat met soveel vuur en idealisme opgerig is? Hieroor kan baie geredeneer word. Dit is uiters moeilik om in die probleemstelling, Vrye Christelike skool met of sonder staatsubsidie en daarteenoor 'n staatskool wat 'n altyd meer Christelike en ook Afrikaans-nasionale karakter getoon het, presies te bepaal wat die faktore was wat vir hierdie verweringsproses verantwoordelik was. 'n Buitestaander, wat nie self in die hitte van die stryd was nie, kan maklik veroordeel en daarom tot 'n onjuiste en onbillike gevolgtrekking kom, terwyl diegene wat daarmee te doen gehad het die gevaar loop om miskien weer ongegronde verskonings aan te voer. Daarom wil ek graag in alle beskeidenheid en in die lig van die geskiedenis van die C.N.O.-beweging op Steynsburg, enkele van die faktore probeer aanstip, terwyl ek diep onder die indruk daarvan verkeer dat hierdie nie die laaste woord is oor 'n aangeleentheid waarvoor selfs vandag nog in opvoedkundige kringe meningsverskil bestaan nie.

Die stigters van die Vrye Skool in 1905 en sy latere uitbreidings, was besiel met 'n ideaal waarvoor hulle

bereid was om te offer en te veg. Die finansiële verpligtinge wat hulle aanvanklik aangegaan het, sonder om enigsins aan die moontlikheid van staatsteun te dink, kon hulle nie afskrik nie. Ongelukkig kom ons gaandeweg tot die gevolgtrekking dat diegene wat die stryd vir C.N.O. verder moes voer, nie meer dieselfde offervaardigheid aan die dag gelê het nie. Hoe verder die ongunstige omstandighede waaruit die Vrye Skool gebore is in die verlede vervaag het, en onder gunstige onderwysomstandighede vergeet is, hoe minder waardering het mense vir die bestaan van die Gereformeerde Gimnasium gehad. So min waardering het mense wat binne die bereik van die skool was, 'n skool wat menigeen hulle beny het, daarvoor gehad, dat die noodsaaklikheid vir die bestaan van dié besondere skool nie meer so sterk gevoel is nie, en dat selfs Gereformeerde ouers, soms om beuselagtige redes, hul kinders by dié skool verby gestuur het.

Hoewel die bemiddelaars namens die C.N.O.-skole geprobeer het om toe te sien dat die ideale en tradisies van die C.N.O.-beweging sover moontlik in die staatskole op Steynsburg ingedra word, is dit te betwyfel of die stigters van 1905 genoeg met hierdie verwickelinge sou geneem het.

Daarby moet ons onthou dat, met die veranderde tyds- en landsomstandighede, die kloof tussen die staatskool en die C.N.O.-ideaal, al nouer en nouer geword het, sodat dit later vir die C.N.O.-kampvegters nie moeilik was om die brug na die staatskool te vind nie. Namate die Engelse invloed in die skole geleidelik op die agtergrond getree het en die Afrikaanse taal en geskiedenis altyd meer hul regmatige plek gekry het, het die gaping tussen die behoefte van die Gereformeerde ouer en die staatskool gekrimp. Die staatskool is stelselmatig genasionaliseer en het so vir ons mense aanneemlik geword.

Maar, die staatskool het nog nie Christelik geword in dié sin waarin die oorspronklike C.N.O.-stryders dit

beoog het nie, en dit is nie altyd besef nie. Die veren-  
gelykingsbeleid in die onderwys van na 1902 het by ons mense  
'n reaksie uitgelok, en toe daar van daardie kant nie meer  
'n ernstige bedreiging was nie, het hulle die Christelike  
karakter van die skool opgeoffer. Daar het ons mense be-  
ginsels verwater! Dis my beskeie gevolgtrekking dat die  
Afrikaner, en by name die Gereformeerdes, wat die vaandel  
vir C.N.O. verder moes dra, as gevolg van die jarelange  
stryd om die beveiliging en handhawing van nasionale begin-  
sels, hieroor instinktief baie sterker gevoel het en kies-  
keuriger kon onderskei as wat hulle dit t.o.v. godsdienstige  
beginsels in die onderwys kon doen. Dit verklaar vir  
my die feit dat hulle die verskil tussen die C.N.O.- en die  
staatskool, veral wat die godsdienstige aspek betref, al  
minder kon raaksien.

Hiermee hang ten nouste saam die verdere faktor  
wat daartoe gelei het dat die stryd gewonne gegee moes word,  
nl. die gebrek aan finansies. Gedurig verneem ons maar  
dieselfde refrein: „de middelen daartoe ontbreken.” So-  
lank 'n mens waaragtig besiel is vir 'n saak, is jy ook be-  
reid om jou stoflike offers daarvoor te bring, maar waar  
die entoesiasme krimp, gaan die hand ook toe. Dit moes  
die C.N.O.-skole op Steynsburg weldeeglik ondervind. Na-  
mate die idealisme en entoesiasme vir C.N.O. verflou het,  
het die offervaardigheid ook afgeneem. Die nodigheid om  
op te offer kon uiteindelik nie meer ingesien word nie, om-  
dat die verskil tussen die privaat C.N.O.-skool en die  
staatskool nie meer so duidelik gesien kon word nie. Op  
Steynsburg meen die Gereformeerdes in 1924 dat hulle, wat  
sekondêre onderwys betref, bevrediging in die Paul Kruger  
Hoërskool sal kry. Die Gereformeerde Gimnasium sou nie  
noodwendig beginsels prysgee as dit in 1926 'n staatskool  
word nie en sou sy ideale en tradisies kon saamneem na  
die Laerskool Unie.

Dit was die plig van die ouer om die skool finansieel te onderhou en deur sy offers terug te hou het hy hierdie plig versaak. Solank die ouers bereid was om self te betaal vir die onderwys van hul kinders en gewillig was om die onderhoud van die skool geheel vir hul rekening te neem, het hulle ook daarmee die reg en voorreg verwerf om die beheer oor die skool uit te oefen. Blykbaar het ons ouers dit nooit besef dat met die prysgawe van die plig om te betaal vir die onderwys van hul kinders, hul daarmee ook die reg om te regeer prysgegee het. Waarom hierdie belangrike beginsel oorboord gegooi is, is moeilik om te verklaar.

En nou ten slotte. Was dit alles tevergeefs? Dit lyk oppervlakkig beskou of alles waarvoor geveg, geoffer en gebid is in puin lê. Is dit waarlik so? Hierop moet ons baie beslis nee antwoord. Uit die C.N.O.-skole het beginselvaste manne en vroue gekom wat die Christelike nasionale beginsels in wyer kring uitgedra het. Hierdie invloed is miskien die sterkste op die gebied van die onderwys gevoel. Gedurende die 37 jaar van sy bestaan het die Normaal nagenoeg 850 onderwysers(esse) aan ons volk gelewer.<sup>1)</sup> Ons glo dat die meerderheid van hulle, in mindere of meerdere mate, ambassadeurs was om die beginsels waarvoor die C.N.O.-inrigtings op Steynsburg gestaan het, te versprei en in die praktyk te gaan toepas.

Verder is dit opmerklik dat 'n aansienlike persentasie van die onderwysers wat hul opleiding aan die Steynsburgse Opleidingskollege ontvang het, hul kwalifikasies deur verdere studie, hetsy privaat of aan universiteite, sodanig verbeter het, dat hulle vandag verantwoordelike poste in die onderwyswêreld bekleed. Is dit miskien omdat hulle hul grondslag en stimilus tot studie op Steynsburg ontvang het? Dit sou interessant wees om 'n volledige

/opname....208

---

1) J.A. Pretorius in sy outobiografie, p. 135.



opname van sulke gevalle te maak, dog aangesien dit 'n haas onbegonne taak skyn te wees, volstaan ek met die noem van 'n paar gevalle. Ek is bewus van een oud-student wat inspekteur van skole geword het, en een wat lektor aan die P.U. vir C.H.O. is. 'n Aanmerklike aantal het hoofde van skole geword, terwyl 'n veel groter aantal sekondêre onderwysers geword het.<sup>1)</sup>

Dit word bereken dat Steynsburg ongeveer £30,000 aan sy C.N.O.-beweging bestee het, sonder dat die koste van die Van Rooy Losieshuis bygereken is.<sup>2)</sup> Hierdie geld is goed belê en het in die verlede en sal in die toekoms nog goeie diwidende lewer. Hoe gering die inrigting op Steynsburg ook al was in vergelyking met ander, kan ons met die grootste vrymoedigheid beweer dat daarsonder die onderwys in ons land en op Steynsburg in die besonder veel armer sou gewees het.

Ons bring hulde aan die manne en vroue wat die stryd in die geloof en uit die oortuiging van hul siele gestry het. Die werk wat op Steynsburg gedoen is, kon en sal nooit vernietig word nie, want dit is gedoen

PRO CHRISTO NOSTRO REGE !

---

1) Ek noem enkele voorbeelde: S. van der Walt, Inspekteur van Skole in Natal; dr. G.C.P. van der Vyver, predikant in die Geref. Kerk; dr. F.J.J. Coetzee, lektor aan die P.U. vir C.H.O.. Die volgende is hoofde van skole: A.J. van Zyl, Hoërskool Andrew Rabie, Port Elizabeth; J.J. Engelbrecht, Hoërskool Victoria-Wes; A.L. Botha, Hoërskool Hopefield; J.D. van der Vyver, Afrikaansmedium Hoërskool Stanford Hill, Durban; J.P. Aucamp, Sekondêre Skool Sunland; J.H. Kruger, Laerskool Grens, Oos-Londen; A. Burger, Laerskool Burgersdorp. Sekondêre assistente is talryk: P. van Dyk, Hoërskool Piketberg; G. Kruger, Hoërskool Paul Kruger, Steynsburg; H.S. van der Walt, Hoërskool Burgersdorp; H.R. van der Walt, Hoërskool Ladysmith, Natal; L.J. van der Walt, Hoërskool Grens, Oos-Londen; J.P. Kruger, Hoërskool Reddersburg; H.R. van der Walt, onder-hoof, Tegniëse Hoërskool, Pietersburg; Nico van der Walt, Hoërskool Olifantshoek; J. Botha, Hoërskool Seodin, Kuruman, D. Meyer, Hoërskool Vanderbylpark; ens. ens.

2) Omsendbrief aan Geref. Kerkrade in Kaapland en S.W.A., 7/5/48. Kyk Bylaag G.